# Klaradyn

**Aftreeoord / Retirement Village**

*Blom in jou Sonskynjare*

# 2025: 21 jaar later








# *INHOUD*

*Bladsy*


| | |
|---|---|
| *Inleiding* | *1* |
| *Brackenfell se geskiedenis* | *2* |
| *Visionêre Tweemanskap - Cecil Morgan en Coen Roux* | *5* |
| *Ontwikkeling van Klaradyn Aftreeoord* | *8* |
| * Beplanning | *8* |
| * Konstruksie | *14* |
| * Bemarking | *15* |
| * Bewoning van eiendomme | *17* |
| *Vanwaar die name?* | *21* |
| *Bestuur van die Oord* | *23* |
| *Dienste beskikbaar* | *25* |
| *Inwoner Aktiwiteite* | *32* |
| *Mondigwording 2025* | *36* |
| *Bronne van Inligting* | *38* |
| *Naskrif* | *39* |

## *Inleiding*

*Wanneer 'n mens deur hierdie 21-jaar Feesbundel blaai, kan met reg gespekuleer word dat Klaradyn Aftreeoord in 2025 ouer is as 21 jaar.*

*Die aanloop tot die vestiging van die Oord het lank voor 2004 begin. Die goedkeuring by Stad Kaapstad, die aanlê van siviele dienste, bemarking en verkope, konstruksie van geboue, sowel as eerste intrekkers in huise het voor 2004 plaasgevind.*

*Die registrasienommer van die Klaradyn Aftreeoord Huiseienaarsvereniging is SS 424/2004. Dié nommer verskyn op die oordragte van die eerste huiskopers. Gevolglik word 2004 as die stigtingsjaar van Klaradyn Aftreeoord beskou.*

*Die eerste Algemene Jaarvergadering van die Huiseienaarsvereniging is op 23 Februarie 2006 gehou. Voor dit het 'n Uitvoerende Komitee onder leiding van die ontwikkelaar Coen Roux gefunksioneer.*

*Die herdenking van Klaradyn se mondigwording bied die geleentheid om ons geheue te verfris oor die aanloop tot die totstandkoming van die Oord. As afskop word Brackenfell se gekiedenis kortliks geskets met spesifieke verwysings na die gebied waarbinne die Oord geleë is.*

*Die vestiging van Klaradyn Aftreeoord hang ten nouste saam met die lewensverloop van twee persone, naamlik Cecil Morgan en Coen Roux. Meer inligting word oor hulle gedeel voordat die vestiging van die Oord in detail beskryf word.*


*Die bestuur van die Oord deur die jare sowel as die ontwikkeling van die drie pilare van die Huiseienaarsvereniging, naamlik die Grondwet, Gedragreëls en Argitektoniese Riglyne, word aangeraak.*

*Die pols van die Oord se dienste, sowel as die aktiwiteite vir inwoners, maar ook deur inwoners, word beskryf soos dit deur die jare ontplooi het.*

*Laastens word die aktiwiteite van die 2025-feesjaar geskets.*

## *Brackenfell se geskiedenis*

*Nadat Simon van der Stel in 1679 as kommandeur aangestel is, is vrypagplase aan burgers toegeken sodat die kolonie meer selfonderhoudend kon word. Die eerste plase wat in die Brackenfell-omgewing toegeken was, is Hazendal in 1704 en Stellenburgh in 1705.*



*Op 3 Januarie 1882 is 1003 morg 199 vk. Kaapse roede van die plaas Stellenburgh, vandag Stellenberg, in die naam van John Starke geregistreer. Die gedeelte hiervan geleë suid van die Ou Paarlpad is op 3 Julie 1883 geregistreer op die naam van Jacob J Hamman.*

*Die derde vrypag in die Brackenfell omgewing, Het Kruijspad, is op 15 Maart 1712 toegeken. Dit is beskryf as "Het Kruijspad oor die Kuyls Rivier by die Duyvenheuwel". Die plaas was 59 morg 296 vk. Kaapse roede groot en het bestaan uit vier los blokke (A, B, C en D op die kaart). Verskeie paaie het oor die gebied geloop, vandaar die naam Het Kruijspad. Op 6 November 1818 beslaan die plaas 1356 morg 331 vk Kaapse roede.*

*Die kolonie het 'n seinstelsel met kanonne gevestig om die Kasteel in kennis te stel van aankomende skepe. 'n Tweede seinstelsel is ook gebruik om burgers op te roep vir militêre diens. In 1759 is die stelsel uitgebrei en is 'n kanon op Duyvenheuwel geplaas. Die kop word later Kanonberg genoem en daarna Kanonkop soos ons dit vandag ken. Dit is die hoogste punt in Ruwari.*

*Andries Brink koop die plaas Kruispad in 1888 op 'n vendusie van ene Thomas King. Teen daardie tyd het die plaas Kruispad die hele huidige Brackenfell suid van die N1 en 'n deel van die huidige Kraaifontein beslaan. Laasgenoemde gedeelte verkoop hy op dieselfde veiling terug aan Thomas King. Kruispad word op 26 Oktober 1888 in die naam van Andries Brink geregistreer.*

*Op 6 November 1897 word blok F, die westelike gedeelte van Kruispad, in die naam van Jacob J Hamman geregistreer. Dit is die deel suid van Ou Paarlpad tot teen Bottelarypad, begrens aan die oostekant 'n lyn in ooreenstemming met Buitekantstraat en aan die westekant het dit gegrens aan die grond wat Hamman in 1883 van John Starke gekoop het. Die hele eiendom het as Hammansvlakte bekend gestaan. 'n Groot gedeelte van Hammansvlakte is in 1955 aan Cecil Morgan, 'n hoenderboer, verkoop. Later meer hieroor.*

*Die res van Kruispad suid van die spoorlyn verkoop Andries Brink aan 'n Engelsman, George Henry Walton. Op 23 Julie 1901 verkoop Andries Brink eers die blok H, en op 18 Augustus 1903 die blok I. Laasgenoemde het Kanonkop, blok E, ingesluit.*

*Die naam Brackenfell kom van George Walton wat hierdie deel suid van die treinspoor Bracken Fell noem. Bracken is 'n geharde Skotse plant soos varings en heide, en Fell is 'n koppie. Die spoorweghalte van waar gruis vanaf Kanonkop vervoer was, is Brackenfell (een woord gespel) genoem.*

*Dorpsontwikkeling het begin toe die eerste erwe in 1907 uitgegee is. Dit was deel van die grond van 'n Smuts egpaar wat in erwe van 50vt x 100vt opgedeel is. Die area was begrens deur die huidige Kruispad in die noorde, Disastraat in die ooste, Mimosastraat in die suide en Buitekantstraat in die weste. In die 1920's is nog meer erwe sowel as kleinhoewes van 1 morg en meer in dié omgewing uitgelê.*




*Eerste erwe in 1907*

*Noord van die treinspoor het verskeie onderverdelings plaasgevind. In Januarie 1906 het Janet Brink, die weduwee van Andries Brink, een morg grond aan die gemeenskap geskenk met die doel dat 'n skool daarop gebou word. Op 9 April 1906 is die skoolgebou met een klaskamer ingewy vir die 18 leerlinge tot std 2 (Graad 4). Die gebou was op die kruising van die huidige Brackenfell Boulevard en Frans Conradie Rylaan. Vanaf Januarie 1907 is die skool onder beheer van die Skoolraad van Stellenbosch geplaas.*

*Plaaslike bestuur was onder die Afdelingsraad van Stellenbosch, maar daar was geen verteenwoordiger van die Brackenfell area op die Afdelingsraad nie. In 1954 word die gebied suid van die spoorlyn as "Plaaslike Gebied" verklaar. In 1959 word Brackenfell 'n afsonderlike wyk van die Afdelingsraad van Stellenbosch. Mnr Jurgen Windell word in September 1959 die eerste verteenwoordiger van Brackenfell op dié raad.*

*Op 1 Januarie 1968 kom die Brackenfell Dorpsbestuur tot stand. Twee jaar later op 1 Januarie 1970 kry Brackenfell Munisipale status. Die Brackenfell Munisipale kantore word in 1976 in gebruik geneem.*

*Na die plaaslike verkiesing van 29 Mei 1996 kom daar ses metropolitaanse munisipaliteite in die groter Kaapse Metropool tot stand. Brackenfell, Kuilsrivier, Kraaifontein en Bluedowns/Eersterivier vorm saam die Oostenberg Munisipaliteit met sy setel in Kuilsrivier.*

*Na die plaaslike verkiesing van 5 Desember 2000 verval die ses metropolitaanse munisipaliteite en word almal saamgevoeg in die Uniestad Kaapstad. Munisipale dienste word gelewer by die verskillende munisipale geboue van die ou munisipaliteite.*

*Die aansoek vir die vestiging van Klaradyn Aftreeoord was in 2001 by die Oostenberg Munisipale sentrum ingedien.*

*In 2025 is Brackenfell steeds deel van Uniestad Kaapstad en word munisipale dienste vanuit die groter Oostenberg streek gelewer.*

## *Visionêre Tweemanskap - Cecil Morgan en Coen Roux*

*Soos vermeld is die vestiging van Klaradyn Aftreeoord onlosmaaklik verbind aan die lewensverloop van twee mense, naamlik Cecil Morgan en Coen Roux.*

***Cecil Morgan*** *is gebore op 20 November 1908 op die plaas Sunnyside in die distrik Willowmore. As gevolg van foutiewe medikasie as kind verloor hy sig in een oog.*



*Cecil Morgan*

*Na sy skoolloopbaan kom hy met 10 sjielings sakgeld per trein in Kaapstad aan om medies te studeer. As gevolg van 'n swak woloes moet hy sy studies staak. Hy gaan werk aanvanklik by Standard Bank as klerk en later by The Cape Argus in die advertensie afdeling.*

*In die veertigerjare koop hy die plaas Soete Inval wes van die Kuilsrivier. Hy het geboer met groente wat daagliks op die mark verkoop is. Hy het steeds in Kaapstad gewerk. Sy dae het soggens 3vm begin om die groente te laai en betyds voor werk op die Kaapstad varsproduktemark te lewer.*

*Hy het 'n tronk waar gevangenes aangehou is, en huise vir bewaarders, op Soete Inval gebou. Bedags het die bandiete onder toesig van dié bewaarders op Soete Inval gewerk.*

*In 1955 koop hy 'n gedeelte van Hammansvlakte oos van die Kuilsrivier, geleë binne die grense van wat Brackenfell munisipaliteit sou word. Die boerdery behels 'n melkery, varke en beeste asook battery hoenderboerdery.*


*Cecil Morgan was 'n man van vele talente – hy het opera bestudeer in Rome, Italië, en die hoofrol in 'n opvoering van Verdi se opera Othello vertolk!*

*Na sy opgeskorte studies loseer Cecil Morgan in Kaapstad by 'n losieshuis van ene Kay van Schalkwyk. Die twee is later getroud en uit die huwelik is twee dogters gebore, Cecile en Gerda. Beide die dogters is getroud met Van der Merwes en was woonagtig in die Rawsonville omgewing. Cecil en Kay Morgan het sewe kleinkinders gehad. Cecile het vyf kinders gehad naamlik Juanita de Canha, Anina Morley, Cecile Vinokur, Pierre van der Merwe en Cecil van der Merwe. Gerda het twee kinders gehad naamlik Philippus van der Merwe en Jacqueline Craythorne.*

*Cecil Morgan is oorlede op 17 September 1996. Hy was 88. Sy vrou het hom etlike jare vantevore ontval.*

***Coen Roux*** *is gebore in Robertson op 4 Mei 1934. Hy was een van tien kinders. Hulle gesin het as bywoners op 'n plaas in die McGregor distrik gewoon en het dit nie baie breed gehad nie. Hy het aan die Hoërskool Robertson as 16-jarige gematrikuleer.*

*Daar was geen fondse vir naskoolse opleiding nie. Hy het in Pretoria beland en 'n paar kursusse in die bankwese gedoen. Op 'n stadium was hy die Stadsklerk van Fraserburg.*



Coen Roux en sy kleindogter Yolandi

*Later beland hy in Graaff-Reinet as bestuurder van Syfrets. Hy word verplaas na die hoofkantoor in Kaapstad as die bestuurder van die boedelbeplanning en –bereddering afdeling.*

*Wim Roux het Coen Roux by Syfrets ontmoet na die afsterwe van haar eerste man. Sy het 'n dogter Salomé Horn (geb Walters). Sy het twee dogters Yolandi van Zyl en Hanli Horn.*

*Coen Roux is oorlede op 21 Augustus 2013. Hy was 79 jaar oud.*

*In 1982 word Old Mutual Syfrets Trust gestig as 'n gesamentlike onderneming tussen Old Mutual en Syfrets. Met verwysings deur Ou Mutual agente het Coen Roux baie boedelbeplanning vir boere in die Boland gedoen. Dit was veral in die Ceres, Tulbagh, Wolseley, Worcester, Villiersdorp, Riversdal en Overberg distrikte.*

*So beland hy by Carel van der Merwe van Merwida in Rawsonville. Dié verwys hom na sy swaer Blommetjie van der Merwe van Ruigtevlei in Rawsonville. Hulle was geen familie van mekaar nie, maar was met twee susters getroud, Cecile en Gerda Morgan. Die twee swaers verwys hom na hulle skoonpa, Cecil Morgan, van Soete Inval, Stikland, wat ook advies benodig.*

*Gevolglik word Coen Roux in die vroeë 1980's Cecil Morgan (of te wel "Oupa" soos almal van hom gepraat het) se finansiële raadgewer. Die twee het van die eerste dag af aanklank gevind soveel so dat Cecil Morgan hom beskou het as die seun wat hy nooit gehad het nie. In die woorde van Coen Roux se eggenote, Wim Roux: "Hulle koppe het dieselfde gedink, albei was ewe hardkoppig, maar hulle breine was besigheid georiënteerd."*

*Coen Roux stig sy eie besigheid Belltrust & Agentskap in 1984. Cecil Morgan gaan sien Syfrets om hulle in persoon in te lig dat hy wil hê Coen Roux moet met sy besigheid voortgaan.*

*Gevolglik skuif hy sy besigheid na Belltrust. So begin die* **tweemanskap** *Cecil Morgan en Coen Roux se samewerking blom.*

*In die laat 1980's is 'n gedeelte van die plaas Soete Inval ontwikkel vir ligte industrie met die name Kaymor (Cecil Morgan se vrou Kay Morgan) en Sunnyside (die plaas waar Cecil Morgan grootgeword het). 'n Gedeelte van Hammansvlakte is vir ontwikkeling aan SA Brouerye verkoop, maar hulle het dit verkoop. Vandag is dit Bracken Gate 1.*




*Na hierdie ontwikkelings koop Cecil Morgan in die 1990's op veilings, met advies van Coen Roux, 'n aantal wingerdplase tussen Worcester en Villiersdorp. Die plase was almal geleë naby die R43 in die omgewing van die Kwaggaskloofdam. Hulle besluit om 'n eie kelder vir dié plase te stig genaamd Cilmor Wines. Hulle bou 'n indrukwekkende nuwe kelder, maar Cecil Morgan is oorlede voordat dit in 1997 voltooi is.*

*Na die dood van Cecil Morgan word die Cilmor Trust (Cecil en Morgan) in terme van sy testament gestig. Coen Roux se maatskappy, Belltrust & Agentskap, word saam met Cecil Morgan se kleinseuns Pierre en Philippie van der Merwe trustees van die Cilmor Trust.*



*Cecil Morgan en Coen Roux*

*Coen Roux was voorsitter en het aanbeveel dat die plase Soete Inval en Hammansvlakte onderverdeel en ontwikkel word aangesien dit nie meer winsgewend was nie.*

*Die plaas Hammansvlakte word ontwikkel in verskeie ontwikkelings:*

* *De Oude Spruit*
* *Klaradyn Aftreeoord*
* *Veritas*
* *Chenel 1 en 2 (woonstelblokke)*
* *Rubernet*
* *Sauvignon*

*In 2003/2004 word Sonkring met ongeveer 2,000 wooneenhede (huise of woonstelle) op die res van Hammansvlakte ontwikkel.*

*In 2009 word begin met die oprigting van Othello Aftreeoord. Cecil en Kay Morgan se as is in nissies by die ingang van Othello Aftreeoord geplaas.*

*Klaradyn Aftreeoord bestaan uit 353 huise en 96 woonstelle sowel as die administrasiegebou wat die Versorgingsfasaliteit insluit. Dit het vier en 'n halwe jaar geneem om te voltooi.*

*Die hoeksteen van die Cecil Morgan Sentrum is op 16 Oktober 2004 onthul deur Cecil Morgan se twee dogters, Cecile en Gerda van der Merwe. Die gebou is in 2005 voltooi.*

*Die Cilmor Trust het al die meubels vir die kantore, eetsaal, kroeg en haarsalon, sowel as al die kombuistoerusting aangekoop. Hulle het ook die Versorgingsfasaliteit volledig toegerus. Die Cilmor Trust het ook die Ford Bantam bakkie, wat in 2025 nog in diens is as "Bruidskat" aan die Oord geskenk.*

# *Ontwikkeling van Klaradyn Aftreeoord*

## *Beplanning*

*Na die De Oude Spruit ontwikkeling deur Cilmor Trust het Coen en Wim Roux op 'n stadium saam met vriende na die Oude Westhof Aftreeoord gaan kyk. Coen Roux het egter verkies om eerder 'n aftreeoord in Brackenfell te ontwikkel wat naby aan die bestaande dorpsentrum geleë is.*

*Die span wat Klaradyn Aftreeoord beplan het, met Coen Roux aan die spits, het ingesluit die landmeter Fred de Haan van De Haan & Ward, die argitek Johan van Zyl van JVZ Architects, die raadgewende ingenieur Johan Botha, Jacques du Plessis van Element vir die elektrisiteit en Jan Verwey van Cornfield vir die siviele dienste.*

Klaradyn
Aftreeoord / Retirement Village
Blom in jou Sonskynjare / Blossom in your Sunshine Years

*Die naam Klaradyn is deur Coen Roux en die landmeter Fred de Haan voorgestel. Die naam moes iets opgeweks en vrolik simboliseer eerder as die tipiese name van aftree-oorde en ouetehuise. Die naam is gegrond op die lied "Kom dans Klaradyn" met woorde deur GE Visser en musiek deur S le Roux Marais, soos te vinde in die FAK-sangbundel. Die naam het algemeen byval gevind. Die embleem is deur die argitek Johan van Zyl ontwerp. Dit is onbekend wie die slagspreuk "Blom in jou Sonskynjare / Blossom in your Sunshine Years" geskep het.*

*Op 18 Desember 2001 is aansoek gedoen vir die hersonering van 'n gedeelte van Hammansvlakte, erf 3418, Brackenfell, by die Oostenberg Administrasie, waaronder Brackenfell toe geval het. Die 22.2 hektaar waarop Klaradyn ontwikkel is, was gedeelte C van die aansoek (sien bladsy 10).*

*Op 16 Augustus 2002 word die aansoek goedgekeur met gedetaileerde besonderhede vir gedeelte C: Aantal Groepbehuisingserwe, oop areas, perseel vir woonstelle, straatname, Huiseienaarsvereniging en sy Konstitusie, ens.*

*Die tema van bergname as name vir die strate in Klaradyn is 'n voortsetting van straatname wat in die industriële areas Kaymor en Sunnyside toegeken is. Op die lys van straatname wat vir die hersonering goedgekeur is, verdien drie vermelding:*




*(a) Daar is een naam wat nie 'n bergnaam is nie, naamlik **Klaradynstraat.** Dit is die kort straat by die ingang vanaf Buitekantstraat tot by die Sekuriteitshek.*

*(b) Op die goegekeurde lys verskyn 'n naam **Perdeberg.** Nêrens in die Oord is so 'n straat te vinde nie. In die Oord is wel 'n Witbergstraat wat nie op die lys van name verskyn nie. Die rede hiervoor is onbekend.*

*(c) Daar is geen huise in **Vlaebergstraat** geleë nie.*

*In die Aktekantoor is op die terreinontwikkelingsplan twee adresse waarvan die erwe in ander strate geregistreer is:*

*(a) Limietbergstraat 52 se erf is geregistreer as Franshoekstraat 22.*

*(b) Outeniquastraat 1 se erf is geregistreer as Limietbergstraat 50.*

| | | | |
|---|---|---|---|
| Van Riebeeck Road | Van Riebeeck Road | Van Riebeeckstraat | CITY OF CAPE TOWN |
| Kuilsrivier 7580 | Kuilsrivier 7580 | Kuilsrivier 7580 | STAD KAAPSTAD |
| Private Bag X16 | Private Bag X16 | Privaatsak X16 | ISIXEKO SASEKAPA |
| Kuilsrivier 7579 | Kuilsrivier 7579 | Kuilsrivier 7579 | |
| Tel.: 980 6146 | Umnxeba: 980 6146 | Tel.: 980 6146 | |
| Fax: 980 6179 | iFeksi: 980 6179 | Faks: 980 6179 | |
| E-Mail: mhterblanche@capetown.gov.za | iE-mail: mhterblanche@capetown.gov.za | E-Pos: mhterblanche@capetown.gov.za | |
| Ref: | Iref: | Verw: OB BC/NP ERF 3418C | |

*Vra vir / Ask for:* Mev M Terblanche
Ekonomiese Ontwikkeling en Beplanning

16 Augustus 2002

GEREGISTREERD

De Haan & Ward
PROFESSIONELE LANDMETERS
Posbus 453
BELLVILLE
7535

Geagte Menere

**AANSOEK OM HERSONERING, ONDERVERDELING, GOEDKEURING VAN DIE TERREINONTWIKKELINGSPLAN, HUISTIPES EN STRAATNAME VIR 'N GEDEELTE VAN ERF 3418, BRACKENFELL**

U aansoek insake bogemelde, gedateer 18 Desember 2001, verwys.

Uit hoofde van gedelegeerde magte verleen deur die raad aan die Direkteur en Assistent Direkteur van die Direktoraat : Ekonomiese Ontwikkeling en Beplanning tydens 'n vergadering gehou op 11 Desember 1997, soos gewysig op 24 Oktober 2000 en verder gewysig deur die Stad Kaapstad op 15 Desember 2000 en op 14 Februarie 2001, is daar op 16 Augustus 2002 as volg besluit:

A. *Dat die aansoek om **Onderverdeling** van 'n gedeelte van erf 3418, Brackenfell in drie gedeeltes naamlik Gedeelte B van 3.2 ha in grootte, Gedeelte C van 22.2 ha in grootte en Gedeelte D van 3.3 ha in grootte soos aangetoon word op die Onderverdelingsplan (Plan no SB/O/Erf 3418/2002) in terme van Artikel 25(1) van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, no 15 van 1985 goedgekeur word;*

B. *Dat die aansoek om **Hersonering** van 'n gedeelte van erf 3418, Brackenfell (Gedeelte C) vanaf Residensieel na Onderverdelingsgebied vir die sonerings van Groepsbehuising, Privaat Oopruimte, Paaie en Residensieel (spesifiek vir die doeleindes van woonstelle en 'n woongebou/gemeenskapsentrum met administratiewe kantore, 'n eetsaal, biblioteek, siekeboeg en ander aktiwiteite wat normaalweg daarmee gepaardgaan) ten einde in totaliteit as 'n aftree-oord te funksioneer en soos aangetoon op die onderverdelingsplan, plan no SB/O/Erf3418/C/2002, in terme van Artikel 16(1) van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, no 15 van 1985 goedgekeur word;*


C. *Dat die aansoek vir die daaropvolgende **Onderverdeling** van 'n gedeelte van erf 3418, Brackenfell (Gedeelte C) in 353 Groepsbehuisingserwe, 26 Privaat Oopruimtes, 1 Residensiële perseel (spesifiek vir die doeleindes van woonstelle en 'n woongebou/gemeenskapsentrum met administratiewe kantore, 'n eetsaal, biblioteek, siekeboeg en ander aktiwiteite wat normaalweg daarmee gepaardgaan) en Privaat paaie soos aangetoon word op die Onderverdelingsplan (Plan no SB/O/Erf 3418/C/2002) in terme van Artikel 25(1) van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, no 15 van 1985 goedgekeur word.*

*Goedkeuring van hersonering Erf 3418, Hammansvlakte*

D. *Dat die volgende straatname goedkeur word in terme van Artikel 129 van die Munisipale Ordonnansie, no 20 van 1974 soos aangetoon word op die Straatnaam Plan, (Plan no SB/SP/Erf 3418/C/2002).*

*Cedarberg*
*Franshoek*
*Joostenberg*
*Kasteelberg*
*Klaradyn*
*Leeukop*
*Matroosberg*
*Outeniqua*
*Simonsberg*
*Sneeuberg*
*Swartberg*
*Tafelberg*
*Tygerberg*
*Vlaeberg*
*Waterberg*
*Winterberg*
*Perdeberg*
*Potberg*
*Kogelberg*
*Limietberg*


*Goedkeuring van straatname*




*Gedeeltes B, C & D na hersonering van Erf 3418*

*Die Spar Groep sowel as Shoprite Checkers het belangstelling in **Gedeelte B** getoon. Shoprite Checkers het dit gekoop. Hulle verdeel dit in Boulevard Square en Hermitage. Aan die oostekant word 'n pad aangedui wat die verlenging van Vlaebergstraat sou wees tot by Kamdeboostraat.*


***Gedeelte D** word as moontlike uitbreiding van die aftreeoord aangedui. Die Veritas kompleks is egter daar deur die Cilmor Trust gevestig. Die eerste inwoners van Veritas kon by Klaradyn etes geniet. In 2025 is dit nie meer die geval nie.*




Voorgestelde plan vir Gedeelte C: Klaradyn Aftreeoord

*Die uitleg van die geboue binne die sirkel van Cedarbergstraat verskil in praktyk van wat op die aanvanklik goedgekeurde konsepplan verskyn het.*

*Die onderstaande konsepplan van die Cecil Morgan Sentrum sowel as dié van die woonstelle en motorhuise verskil ook van wat gerealiseer het.*




*Konsepplan van die Cecil Morgan Sentrum*

*Hierdie gedeeltelike plan van die Cecil Morgan Sentrum toon dat die haarsalon binne die huidige administrasiekantoor val.  'n Hele paar praktiese wysigings het gerealiseer.*




*Konsepplan van Woonstelle en motorhuise*

*Op dié plan word al vyf woonstelblokke aangetoon.  Die motorhuise tussen die Cecil Morgan Sentrum en Watsoniahof is nie gebou nie.  Die motorhuise op die plan agter Niveniahof is agter Ericahof gebou.*




2025: Gedeelte C, Klaradyn Aftreeoord, en gedeeltes B & D van die hersonering

## *Konstruksie*

*Bertie van Zyl sou die koördineerder van die ontwikkeling wees, maar het onttrek. Die ontwikkelaar nader vir Christo du Toit en stel hom in 2003 as koördineerder aan. Petro Botha, en Christo du Toit se seun Francois du Toit, het saam met hom in die kantoor gewerk. Christo du Toit is later as die eerste bestuurder van Klaradyn Aftreeoord aangestel.*

*Die aanlê van die paaie, water, riolering en ander siviele dienste, sowel as die oprig van die pallisade heining reg rondom die Oord, het einde 2002 begin en is grootliks in die eerste maande van 2003 voltooi.*



*Oop vlakte na Tygerberg*



*Matroosbergstraat*

*Daar was 'n hekkie in Vlaebergstraat as deurloop na die winkelsentrum. Weens sekuriteitskwessies is dit later verwyder. Die suidelike heining tussen Boulevard Square en Hermitage is deur 'n siersteenmuur vervang. Nog 'n gedeelte van die pallisade heining is later deur 'n gepleisterde muur vervang. Die erwe langs die Boulevard het swak verkoop en die ontwikkelaar stem in om die muur te bou. Lance Dickson Ontwikkelaars het die muur gebou en dit verder langs Kruispad verleng tot waar die Lance Dickson erwe gestrek het.*

*Die eerste drie van die 353 huise is deur Cape Devco gebou. Lance Dickson Ontwikkelaars kry daarna die tender vir die konstruksie van die geboue. Schalk van der Westhuizen, skoonseun van Lance Dickson, was die projekbestuurder. Hy betrek sy broer Marius van der Westhuizen om te help met die gróót Klaradynprojek. Hulle ma, Esmé van der Westhuizen, woon in 2025 nog in die Oord in 'n woonstel.*

*Hulle het Corobrik stene gebruik, aangekoop teen 'n baie spesiale prys soos beding deur Coen Roux. Die park in Matroosbergstraat was as bergplek vir stene en toerusting gebruik. Dit was tydelik met 'n Vibracrete muur omhein.*

*Bouwerk aan die administrasieblok en Versorgingsfasaliteit (met 14 enkelkamers en 6 dubbelkamers) sowel as die 5 woonstelblokke (96 woonstelle) het in 2004 begin. Cliviahof was eerste gebou, daarna Niveniahof, Arumhof, Ericahof en laastens Watsoniahof.*

*Die name van die woonstelblokke is in die kantoor van die Cilmor Trust vinnig bedink deur Wim Roux, Annette Punt, Coen Roux se sekretarese, en Jacqueline Craythorne, kleindogter van Cecil Morgan, na 'n dringende oproep vanaf Coen Roux vanuit 'n vergadering.*

# Bemarking

*'n Bemarkingsmaatspappy, Addictive Advertising en Marketing, is aangestel om 'n bekendstelling van Klaradyn op Saterdag, 20 September 2003, om 10h30 te reël. 'n Groot markiestent is opgeslaan, ongeveer waar die Versorgingsfasaliteit tans is, en voorsiening is gemaak vir 150 gaste. Die sangeres Mynie Grové was die seremoniemeester. Na voorleggings deur Dickson Eiendomme en Jacqueline Eiendomme het sy 'n paar van haar treffers gesing waarna gaste verversings geniet het.*

ADdictive
ADVERTISING & MARKETING
VAT No. 4460187935 / CK No. 96/00294/23

**PROGRAM VIR KLARADYN BEKENDSTELLING**

| | |
|---|---|
| 10:30 | Aankoms van gaste, rolspelers en media registrasie deur ADdictive Advertising & Marketing |
| 10:30 | Verversings word aan gaste bedien |
| 11:00 | Verwelkoming deur seremoniemeesteres – Mynie Grové |
| 11:05 | Voorstelling van rolspelers |
| 11:15 | Voorlegging van Klaradyn Aftree-Oord deur Jacqueline Eiendomme en Dickson Eiendomme |
| 11:35 | Optrede deur Mynie Grové |
| 12:00 | Verversings word bedien aan gaste |
| 12:00 | Gaste kry die geleentheid om met verkoopskonsultante en ander rolspelers te gesels |

DICKSON Real Estate


**KLARADYN PRYSE**


**TEL. NR. 982 7593**

Klaradyn Aftree-Oord Retirement Village

| PLAN 1 | HUIS | ERF | TOTAAL |
|---|---|---|---|
| 3 Slaapkamers | R 400,000.00 | R 160,000.00 | R 560,000.00 |
| Dubbelmotorhuis | R 400,000.00 | R 185,000.00 | R 585,000.00 |
| 1½ Badkamer | R 400,000.00 | R 190,000.00 | R 590,000.00 |
| HUIS GRT: 145m² | R 400,000.00 | R 195,000.00 | R 595,000.00 |
| | R 400,000.00 | R 200,000.00 | R 600,000.00 |
| | R 400,000.00 | R 205,000.00 | R 605,000.00 |
| **PLAN 2** | **HUIS** | **ERF** | **TOTAAL** |
| 3 Slaapkamers | R 380,000.00 | R 160,000.00 | R 540,000.00 |
| Dubbelmotorhuis | R 380,000.00 | R 185,000.00 | R 565,000.00 |
| 1 Badkamer | R 380,000.00 | R 190,000.00 | R 570,000.00 |
| HUIS GRT: 137m² | R 380,000.00 | R 195,000.00 | R 575,000.00 |
| | R 380,000.00 | R 200,000.00 | R 580,000.00 |
| | R 380,000.00 | R 205,000.00 | R 585,000.00 |
| **PLAN 3** | **HUIS** | **ERF** | **TOTAAL** |
| 2 Slaapkamers | R 360,000.00 | R 160,000.00 | R 520,000.00 |
| Dubbelmotorhuis | R 360,000.00 | R 185,000.00 | R 545,000.00 |
| 1½ Badkamer | R 360,000.00 | R 190,000.00 | R 550,000.00 |
| HUIS GRT: 124m² | R 360,000.00 | R 195,000.00 | R 555,000.00 |
| | R 360,000.00 | R 200,000.00 | R 560,000.00 |
| | R 360,000.00 | R 205,000.00 | R 565,000.00 |
| **PLAN 4** | **HUIS** | **ERF** | **TOTAAL** |
| 2 Slaapkamers | R 340,000.00 | R 160,000.00 | R 500,000.00 |
| Dubbelmotorhuis | R 340,000.00 | R 185,000.00 | R 525,000.00 |
| 1 Badkamer | R 340,000.00 | R 190,000.00 | R 530,000.00 |
| HUIS GRT: 116m² | R 340,000.00 | R 195,000.00 | R 535,000.00 |
| | R 340,000.00 | R 200,000.00 | R 540,000.00 |
| | R 340,000.00 | R 205,000.00 | R 545,000.00 |
| **PLAN 5** | **HUIS** | **ERF** | **TOTAAL** |
| 2 Slaapkamers | R 320,000.00 | R 160,000.00 | R 480,000.00 |
| Enkelmotorhuis | R 320,000.00 | R 185,000.00 | R 505,000.00 |
| 1 Badkamer | R 320,000.00 | R 190,000.00 | R 510,000.00 |
| HUIS GRT: 96m² | R 320,000.00 | R 195,000.00 | R 515,000.00 |
| | R 320,000.00 | R 200,000.00 | R 520,000.00 |
| | R 320,000.00 | R 205,000.00 | R 525,000.00 |
| **PLAN 6** | **HUIS** | **ERF** | **TOTAAL** |
| 1 Slaapkamer | R 250,000.00 | R 160,000.00 | R 410,000.00 |
| Enkelmotorhuis | R 250,000.00 | R 185,000.00 | R 435,000.00 |
| 1 Badkamer | R 250,000.00 | R 190,000.00 | R 440,000.00 |
| HUIS GRT: 71m² | R 250,000.00 | R 195,000.00 | R 445,000.00 |
| | R 250,000.00 | R 200,000.00 | R 450,000.00 |
| | R 250,000.00 | R 205,000.00 | R 455,000.00 |

www.dicksonrealestate.co.za www.klaradyn.co.za




*Daar was ses planne beskikbaar waaruit kopers 'n toepaslike opsie kon kies vir die erf van hul keuse.*

*In die Woningbylae van Die Burger van Saterdag, 15 November 2003, verskyn 'n foto van die eerste intrekkers, die Rix familie, in Matroosbergstraat 44. Van die 353 woonhuise is daar in Mei 2025 nog 44 in besit van die eerste eienaars!*

10 Augustus 2004.

**KLARADYN RETIREMENT VILLAGE / KLARADYN AFTREE OORD**
**MARKETING / BEMARKING**

| | |
|---|---|
| **MARKETING / BEMARKING:** | **Lance Dickson Projects** |
| **(ON SITE / OP PERSEEL)** | **021 – 982 7593** |
| **BUILDER / BOUER:** | **Lance Dickson Ontwikkelaars Bk** |
| | **021 – 982 6077** |
| **ADMINISTRATION / ADMINISTRASIE:** | **Lance Dickson Projects** |
| | **021 – 982 6077** |
| **CO-ORDINATORS / KOöRDINEERDERS:** | **Christo Du Toit. 021 982 5121** |
| **ATTORNEYS / PROKUREURS:** | **Ince Wood & Raubenheimer** |
| **DEVELOPER / ONTWIKKELAAR:** | **Cilmor Trust** |
| **ARCHITECT / ARGITEK:** | **Johan Van Zyl Argitekte** |

**HOUSES / HUISE**

**Village facilities / Oord fasiliteite**

| | |
|---|---|
| Restaurant. | Restaurant. |
| Post boxes in Admin building. | Posbusse by die Admin. Gebou. |
| 24 Hour TV/Intercom security at main entrance. | 24 Uur TV/Interkom sekuriteit sisteem by hoofingang. |
| SABC TV antenna. | SABC TV antenna. |
| Central satellite dish. (own decoder) | Sentrale TV skottel. (eie kodeerder) |
| After care centre. | Nasorg sentrum. |

**Information / Inligting**

| | |
|---|---|
| +- 250 Freestanding plots. | +- 250 Vrystaande erwe. |
| 1 & 2 & 3 Bedroom houses. | 1 & 2 & 3 Slaapkamer wonings. |
| 71 m2 till 145 m2. | 71 m2 tot 145 m2. |
| 6 Architectural designs. | 6 Argitek ontwerpe. |
| Face brick. | Siersteen. |
| Aluminium window frames. | Aluminium verster rame. |
| Pre-paid electricity. | Koopkrag. |
| Remote garage doors. | Afstandbeheerde motorhuis deure. |
| Defy 600 Hob & oven. | Defy 600 Hob & oond. |
| No water & electricity deposit. | Geen water en krag deposito nie. |
| Paved driveways, patio's & courtyards. | Geplaveide motor opritte, stoepe & binnehof. |
| No boundary walls. | Geen grensmure. |
| 1 meter Building line allowed around the house. | 1 meter Boulyn rondom woning. |
| 3 meter Building line curb side. | 3 meter Straat boulyn. |
| Choice of carpets, tiles, cupboards. | Keuse van matte, teëls, kaste. |

**Excluded / Uitgesluit**

| | |
|---|---|
| Extractor fan for the stove. | Suig waaier by die stoof. |
| Washling line. | Wasgoed lyn. |
| Alarm system & burglar bars. | Alarm stelstel & diefwering. |
| Alternative accommodation during construction. | Alternatiewe verblyf gedurende konstruksie. |

**Price / Prys**

| | |
|---|---|
| See attached price list. | Sien aangehegde pryslys. |
| Transfer fees included. | Oordrag kostes ingesluit. |
| Bond costs excluded. | Verband kostes uitgesluit. |

**Purchasers / Kopers**

Any person may purchase a house, but the occupants / tenants must be 50 years or older.
Enige persoon mag 'n huis koop, maar die inwoners / huurders moet 50 jaar en ouer wees.

**Deposit / Deposito**

A Minimum of R 5 000.00 deposit to be paid with acceptance of the contract by the developer. This amount will be deducted from the purchase price. (The deposit will be forfeited should the sale be cancelled).
Deposit's will be paid into the attorneys Trust account, interest earned will be paid to the purchaser.

'n Minimum deposito van R 5 000.00 is betaalbaar met die ondertekening van die kontrak deur die ontwikkelaar. Die deposito word afgetrek van die koopsom. (Die deposito word verbeur met die kansellasie van die kontrak.)
Deposito's word in die prokureurs se Trust rekening belê, rentes word uitbetaal aan die koper.

**Subject to sale / Onderhewig aan verkoop**

"Subject to sale of property" contract will be excepted with a cancellation clause after 60 days of acceptance if suspensive conditions have not been met.
"Onderhewig aan verkoop van woning kontrak" word aanvaar met 'n kansellasie klousule na 60 dae vanaf aanvaarding van sodanige kontrak, indien daar nie aan opskortende voorwaardes voldoen is nie.

**Occupation / Okkupasie**

Occupation date will be 120 days after municipal plan approval, at the end of a calendar month.
Okkupasie sal 120 dae na munisipale plan goedkeuring, aan die einde van 'n kalender maand wees.

**Levies / Heffings**

| | |
|---|---|
| Monthly levy: +- R 300.00 pm. | Maandelikse heffing: +- R 300.00 pm. |
| (excluding 6 meals pm.) | (uitgesluit 6 etes pm.) |

Included in the levy / Ingesluit by die heffing

| | |
|---|---|
| Water for the house, garden & parks. | Water vir die huis, tuin & parke. |
| Garbage removal. | Vuilgoed verwydering. |
| Garden services. | Tuin dienste. |
| Maintenance of parks & gardens & roads. | Instandhouding van parke & tuine & strate. |
| Street lights. | Straat ligte. |
| 24 hour security & electrical fencing. | 24 Uur sekuriteit & elektriese heining. |

Provisionally excluded / Tydelik uitgesluit

| | |
|---|---|
| 6 meals per person – R 120.00 p p. | 6 etes per persoon – R 120.00 p p. |

**Own account / Eie rekening**

| | |
|---|---|
| Rates & Taxes. | Erf belasting. |
| Sewerage. | Riool. |
| Pre paid electricity. | Koopkrag. |
| Household & Property Insurance. | Inhouds & Gebou Versekering. |

*Bemarkingsinligting vir voornemende kopers*

*Bogenoemde is voorbeelde van bemarkingsinligting wat aan voornemende kopers gegee is. Daar is ook sprake van 'n video wat aan voornemende kopers gewys is, maar ongelukkig kon geen spoor daarvan gevind word nie.*

*'n Skouhuis is in Simonsbergstraat 6 gebou. Aanvanklik het die Lance Dickson eiendoms-agente skeepshouers en karavane as kantore gebruik. Later is Simonsbergstraat 2 deur Lance Dickson gebou en gebruik as skouhuis sowel as kantore vir die projek.*

*Die pryse wat betaal is vir die huise, sowel as die woonstelle, het binne enkele jare, selfs maande, die hoogte ingeskiet. 'n Tweeslaapkamerhuis met dubbelmotorhuis wat in 2004 op die aanvanklike pryslys sowat R565 000 gekos het, is byvoorbeeld in Desember 2007 vir R1 995 000 in Die Burger se Woningbylae geadverteer.*

*Gegewe die inflasiekoers in Suid-Afrika vanaf Desember 2004 tot Januarie 2025 is R565 000 van 2004 volgens www.inflation.com se waarde in 2025 gelyk aan R1 600 000! In 2025 verkoop dié tipe huise al vir R2 300 000 en meer.*

*Hieronder is 'n lys van sommige maatskappye en mense wat betrokke was by die vestiging van Klaradyn. Sommige soos Patrol Plumbing en Alutech is steeds bekendes in die Oord.*

| | Maatskappy | Betrokkenheid | Persoon |
|---|---|---|---|
| 1 | Raadgewende Ingenieur | | Johan Botha |
| 2 | Element Raadgewende Ingenieurs | Elektrisiteit | Jacques du Plessis |
| 3 | De Haan & Ward | Landmeters | Fred de Haan |
| 4 | Johan van Zyl Argitekte | Argitek | Johan van Zyl |
| 5 | Ince, Wood & Raubenheimer | Oordrag prokureurs | Noel Wood |
| 6 | W.P. Electric | Elektrisiteit: Hooflyn retikilasie | Ivan Brits |
| 7 | Cornfield | Siviele werke – paaie | Jan Verwey |
| 8 | Patrol Plumbing | Loodgieters | Sheldon en Jason Parsons |
| 9 | Lance Dickson Ontwikkelaars | Bouers | Lance Dickson, Schalk van der Westhuizen |
| 10 | Cape Devco | Bouers | |
| 11 | GMP Interiors (Nou Nexus) | Ingeboude kaste | Giepie Steyn, Tillie Fourie |
| 12 | Alutech | Aluminium vensters, deure | Dupie Fourie |
| 13 | Protea Tuine | Tuine en Grasperke | |
| 14 | Hydro Landscaping | Tuine en Grasperke | Reon van Rensburg |
| 15 | Meyer & Ferreira | Meubels in Sentrum | Marius Meyer |
| 16 | Style Decor | Gordyne, Blindings in Sentrum | Letitia Loubser |
| 17 | Stelmed | Klein apparaat in Versorgingsfasaliteit | |
| 18 | Meditek | Beddens, kassies in Versorgingsfasaliteit | |
| 19 | Western Cape Catering | Kombuis toerusting | Dawie Breet |
| 20 | RFS Catering | Eetgerei, glase, panne, potte | |
| 21 | Coroma Doors | Garage deure | |
| 22 | Taylor Blinds | Blindings in woonstelle | |
| 23 | Trade Centre | Kantoormeubels | |
| 24 | Cape Select Furniture | Meubels | Francois Carstens |
| 25 | Burger Meubels | Televisies | |
| 26 | Air Freeze | Lugreëling | |
| 27 | Haircare | Toerusting vir haarsalon | |





*Bouwerk in Limietbergstraat*









*Bouwerk in Outeniquastraat*



*Pleisterwerk binne*



*Ingeboude Kaste*



*Badkamer*



*Kombuiskaste*



*Op 'n stadium was beplan dat by die hoofingang posbusse vir die hele Oord se inwoners gebou word. Dit is toe eerder vervang met die welbekende posbusse by elke huis en ook by die woonstelle.*



*Die twee stoepe aan weerskante van die dameskroeg langs die eetsaal was eers oop. Dit is in 2015 toegebou en word nou benut vir allerlei doeleindes, byvoorbeeld vir bidure, matrolbal, funksies en vergaderings.*

*Die braailokaal is in 2017 aangebou na 'n groot aantal fondsinsamelingsprojekte deur inwoners.*



# *Vanwaar die name?*




1 **Cederberg**
2 **Franshoek**
3 **Joostenberg**
4 **Kasteelberg**
5 **Kogelberg**
6 **Leeukop**
7 **Limietberg**
8 **Matroosberg**
9 **Outeniqua**
10 **Potberg**
11 **Simonsberg**
12 **Sneeuberg**
13 **Swartberg**
14 **Tafelberg**
15 **Tygerberg**
16 **Vlaeberg**
17 **Waterberg**
18 **Winterberg**
19 **Witberg**

*Die berge dwarsoor Suid-Afrika waarna die strate in die oord vernoem is.*



*Watsonia*



*Arum*



*Nivenia*



*Erica*



*Clivia*

*Die blomme waarna die vyf woonstelblokke vernoem is.*

## *Bestuur van die Oord*

*Soos vroëer genoem het die ontwikkelaar Christo du Toit as koördineerder van die ontwikkeling aangestel. Op 1 November 2005 is hy as eerste Bestuurder van Klaradyn Aftreeoord aangestel. Hy het dus van die begin af 'n groot rol gespeel, ook om administratiewe formaliteite op te stel en 'n verskeidenheid van reëlings in plek te plaas. Hy het in Augustus 2020 afgetree. Riana Fick is na hom as Bestuurder van die Oord aangestel.*

*Noel Wood van Kaapstad was die oordragprokureur van die projek. Hy was behulpsaam met die eerste Grondwet wat vir die Huiseienaarsvereniging opgestel was.*

*Aan die begin het Coen Roux as voorsitter van die Uitvoerende Komitee gedien met Christo du Toit ex officio deel daarvan. Coenraad Oosthuizen, beter bekend as Oosie, en Danny Heyns was ook op die komitee. Nadat die Grondwet van die Huiseienaarsvereniging gefinaliseer is, het Oosie Oosthuizen in 2006 die eerste gekose Voorsitter van die Uitvoerende Komitee geword.*

*Die volgende persone was gedurende die 21 jaar voorsitter van die Uitvoerende Komitee, sommige afwisselend vir meer as een termyn. Die meeste van hulle is in 2025 nog woonagtig in die Oord:*

| | |
|---|---|
| *Oosie Oosthuizen* | *meer as 1 termyn* |
| *Danny Heyns* | *meer as 1 termyn* |
| *Cornie Groenewald* | *Verhuis in 2023* |
| *Jan Visser* | *Oorlede in 2023 tydens sy termyn as voorsitter* |
| *Jeane Brand* | *Neem waar nadat Jan Visser oorlede is* |
| *Pieter Myburgh* | *Voorsitter in 2025* |

*Die drie dokumente waarvolgens die Oord tans namens die Huiseienaarsvereniging bestuur word, is die Grondwet, Gedragreëls en Argitektoniese Riglyne. Wetgewing en Regulasies van toepassing op Huiseienaarsverenigings sowel as Deeltitelskemas het sedert 2003 sodanig verander dat daar in 2021 begin is om die Grondwet en Gedragreëls te hersien sowel as om die Argitektoniese Riglyne op te stel. In 2022 is daar met groter momentum onder leiding van Jeane Brand daaraan gewerk. Die dokumente is by die Algemene Jaarvergadering in 2023 aanvaar. Daarna is dit aan die Ombudsman voorgelê vir bekragtiging. Nadat 'n paar wysigings op hulle aanbeveling aangebring is, is dit weer voorgelê vir goedkeuring. Teen Mei 2025 word die Ombudsman se goedkeuring vir die Grondwet, Gedragreëls en Argitektoniese Riglyne van die Klaradyn Aftreeoord Huiseienaarsvereniging steeds afgewag.*

*Die eerste heffing wat bewoners betaal het, was R300 per maand plus ses etes teen R120 per persoon. Reserwefondsbydraes is sedert 2011 verpligtend na wysigings in die toepaslike wetgewing. Tans is vier etes per persoon ingesluit in die heffing. Die heffing vir woonstelle word baseer op die kwota toedeling van die ruimte wat dit beslaan plus motorhuise, waar van toepassing.*

*Oor die afgelope 21 jaar is die Oord goed bestuur en dit bly 'n uitdaging om 'n kompleks met 449 wooneenhede en ongeveer 650 inwoners suksesvol te bedryf.*



*Installasie van sonpanele*

*Gereelde beurtkrag het sedert 2007 in Suid-Afrika voorgekom. Al hoe meer instellings en individue het hulle dus tot alternatiewe bronne van elektrisiteit gewend. In 2021 is sonpanele op die Cecil Morgan Sentrum sowel as op sommige van die woonstelblokke en motorhuise geïnstalleer. Die surplus elektrisiteit wat daarmee gegenereer word, sal uiteindelik 'n inkomste skep vir die Oord wanneer dit ingevoer word in die openbare kragnetwerk.*

*Met die uitbreek van Covid-19 in 2020 moes inwoners en personeel voldoen aan die streng maatreëls wat deur die owerheid ingestel was. Die ouerwordende inwoners van Klaradyn was baie meer vatbaar vir die risiko's van Covid-19.*

*Daar was projekte in die Oord wat nie die gewenste resultate gelewer het nie.*

*In 2015 is besluit om die bedryf van die Versorgingsfasaliteit nie meer uit te kontrakteer nie omrede gemotiveer is dat dit intern meer ekonomies bedryf kan word. Die interne bedryf van die Versorgingsfasaliteit het egter nie ekonomies suksesvol verloop nie en in 2021 is die bedryf daarvan weer uitgekontrakteer, die keer aan MedCrowd wat dit steeds in 2025 bedryf.*

*Die kontrak vir spyseniering wat sedert Maart 2005 aan The Catering Co toegeken was, is in Februarie 2017 beëindig. Die kontrak is aan Compass toegeken. Daar was groot ongelukkigheid met Compass se diens en gehalte. Na 'n petisie deur inwoners is besluit om Compass se kontrak na slegs 12 maande te beëindig. Sedert Maart 2018 word die spyseniering deur Orange Blossom Catering gedoen.*

*Op 3 Mei 2018 is 'n eerste vergadering gehou nadat by die AJV van 2018 gemotiveer is dat Klaradyn oor voldoende ondergrondse water beskik wat, met beperkte omskakeling, as drinkwater in die Oord gebruik kon word. Die motivering was dat dit oor die langtermyn finansiële voordeel vir die Huiseienaarsvereniging sou inhou. 'n Pomphuis en verwante infrastruktuur is opgerig. Stad Kaapstad se aanvanklike goedkeuring was vir drie jaar. Teen die tyd wat die stelsel in 2020 gereed was vir ontplooiing was een jaar van dié tydperk oor. Verskeie hekkies, onder andere vir die voortgaande goedkeuring en maandelikse bedryfskostes, kon nie oorbrug word nie. Bestuur het daarna alternatiewe gebruike van die water vanuit die stelsel vir die Oord oorweeg. In 2021 word die hele projek egter geskrap. Van die toerusting is verkoop en die pomphuis word tans as stoorplek gebruik.* Die *water lisensie is in Januarie 2022 opgegee.*

## *Dienste beskikbaar*

*Die* ***administratiewe personeel*** *onder leiding van die Bestuurder, Riana Fick, is die volgende:*

| | | |
|---|---|---|
| *Nathasha Gouws* | - | *Kantooradministrateur* |
| *Michelle Loots* | - | *Finansiële Assistent* |
| *Diane Nel* | - | *Ontvangsdame* |
| *Gaynor Herman* | - | *Skoonmaker administrasie* |
| *Nicolene Maranga* | - | *Skoonmaker woonstelle* |

*'n Verskeidenheid take word vanuit die kantoor hanteer om die gladde verloop van sake in die Oord te verseker. Dit behels onder andere die boekhouding, DSTV subskripsies, verkope van 'n verskeidenheid kaartjies vir etes, die haarsalon, wasmasjiene en tuimeldroërs, reëlings met inwoners, die kombuis, die haarsalon, die Versorgingsfasaliteit, sekuriteit, tuindienste en diensverskaffers.*



*Riana Fick, Nathasha Gouws, Diane Nel, Michelle Loots by die Feesaand*



*Gaynor Herman en Nicky Maranga*

***Sekuriteit*** *in die Oord word deur Titanium Securitas verskaf. By die hoofingang is die personeel 24 uur per dag aan diens. Op dagdiens is Mark en Stacey Adams reeds ou bekende gesigte. Bedags is drie en snags twee persone aan diens. Daar is sowat tien persone wat mekaar afwissel.*

*Soos vermeld is die* ***spyseniering*** *vanuit die kombuis in Maart 2005 deur The Catering Co van Nadine Jacobs begin. Al die kombuistoerusting, soos deur haar aanbeveel, sowel as al die eetkamertafels en -stoele is deur die Cilmor Trust aangekoop. Die meeste daarvan is in 2025 steeds in gebruik.*

*Die eetkamer se tapyt en gordyne is wel sedertdien vervang met onderskeidelik gelamineerde vloere en blindings.*



*The Catering Co se personeel*
*Nadine Jacobs, Felicity Solomons, Sophie Pietersen, Veronique Sampie, Wilma Hattingh, Petronella Marwood.*

*Die eerste dag is etes aan vyf mense bedien en op die eerste Sondag aan 20 mense. Ten einde die kombuis aan die gang te hou het die ontwikkelaar inwoners van Veritas toegelaat om by Klaradyn te eet. Dit het slegs vir die oorspronklike eerste eienaars gegeld.*

*In Maart 2018 is die spyseniering deur Compass oorgeneem. Hulle het onder andere 'n koffiewinkel bedryf. Compass se diens is na 'n jaar beëindig.*

*'n Komitee bestaande uit Danny Heyns, Jan Visser, Gert Hanekom en die bestuurder Christo du Toit het 'n nuwe kontrak beding tussen twee kontrakteurs, Feedom en Orange Blossom Catering (OBC).*

*Die inwoners kon ook stem en 'n oorweldigende meerderheid het vir OBC onder leiding van Wilma Hattingh gestem. OBC begin op 1 Maart 2018 en is in 2025 nog vir die spyseniering verantwoordelik.*

*Wilma Nefdt, nou Hattingh, het as 20-jarige op 1 Oktober 2005 vir The Catering Co in die Klaradyn kombuis begin werk.*

*Daar werk agt voltydse persone in die kombuis en by tye word aflospersoneel gebruik. Vyf van die huidige agt persone was in diens van The Catering Co van Nadine Jacobs, naamlik Joyce Woods, Nella Marwood, Felicity Soloman, Ellen Menzela en Dia Hanekom. Joyce Woods is reeds sedert 2005 werksaam in die kombuis. In 2024 het Maria Steynsberg afgetree wat ook in 2005 in die kombuis begin werk het.*

*Daar word gemiddeld 1,000 etes per week in die kombuis voorberei. Daarvan word sowat 120 op weeksdae en 220 op 'n Sondag bedien. Op Moedersdag 2025 is 330 etes bedien! Voorts word al die maaltye vir die Versorgingsfasaliteit ook gemaak, naamlik 3 etes per dag, 365 dae van die jaar. Personeel begin werk soggens 7vm tot 4.30nm. Almal werk op 'n Woensdag en Vrydag en neem beurtelings hul afdae op ander dae van die week.*



*Orange Blossom Catering personeel tydens die Feesaand*
*Agter: Maruschka Mitchell, Christen Lakey, Ellen Menzela, Dia Hanekom, Joyce Woods, Hendrika Fourie, Nella Marwood, Sarita Titus, Veronique Sampie, Pinkie Mjola. Voor: Felicity Soloman. Inlas: Wilma Hattingh.*

*Sedert Maart 2024 kan inwoners daagliks kies uit 'n diabetiese spyskaart, benewens maaltye vanaf die normale spyskaart. In die winter, van Mei tot Augustus, word heerlike sop in plaas van slaai bedien. Daarbenewens kan 'n weeklikse gevriesde gereg sedert April 2025 bestel word.*

*Die kombuis maak ook versnaperings vir funksies wat in die saal gehou word, byvoorbeeld vir begrafnisse en verjaarsdae. Hulle het hulself oortref met die spyseniering van die 21-jaar Feesaand op 28 Maart 2025.*

*Die eetsaal word ook maandeliks versier rondom ‘n verskeidenheid temas, byvoorbeeld “Sweets & Treats”, Paasfees, Moeders- en Vadersdag, “Christmas in July” en Valentynsdag.*




*Movember*



*Paastyd*




Moedersdag



Braaidag

Die **haarsalon** is aanvanklik deur Orpa Jansen van Rensburg bedryf. Chrizel Coetzee, wat tans die haarsalon bedryf, het eers vir haar gewerk. Hoofsaaklik dames, maar ook mans, laat hulle hare by die salon versorg. Benewens mense in die Oord versorg sy ook hare van mense van buite die Oord.



Chrizel Coetzee sny Ben Cronjé se hare

Chrizel Coetzee is ook 'n baie talentvolle en kreatiewe persoon. Sy het reeds twee musiek CD's op haar kerfstok en snitte is op YouTube. Sy het by geleentheid voor Covid-19 ook in die Sentrum opgetree. Tans doen sy epoksie kunswerk.

Coen Roux het verskeie opsies oorweeg vir die bedryf van die **Versorgingsfasaliteit.** Hy het op Elsorg besluit wat deur Elsa Lombaard besit is. In 2025 staan hulle as Medwell bekend. Elsa Lombaard het die Versorgingsfasaliteit aanvanklik bestuur, maar is later deur haar seun Gerhard Lombaard opgevolg. In 2015 is hulle kontrak beëindig en die diens is intern deur die Oord bedryf. Santie Pienaar het die Versorgingsfasaliteit bestuur. Na haar bedanking is dit deur die kantoor geadministreer. In Oktober 2021 is die bedryf van die Versorgingsfasaliteit weer uitgekontrakteer, dié keer aan MedCrowd. Suster Driekie Rossi het dit bestuur. Inwoners van die Oord kry 'n 10% korting wanneer hulle tot die Versorgingsfasaliteit toegelaat word. Die maandelikse fooi sluit 24 uur versorging, alle etes en was van wasgoed in.

In 2025 is suster Mariana Mans en haar span van 11 verpleegkundiges en versorgers werksaam in die Versorgingsfasaliteit. Deur die loop van elke week is daar 'n verskeidenheid vrywilligers wat inwoners besig hou met kreatiewe aktiwiteite, fisiese oefeninge en die speel van musiek. Tweeweekliks, stap vrywilligers met inwoners in rolstoele deur die Oord, en is daar troeteldierterapie op 'n Saterdag en 'n kerkdiens word gehou op 'n Sondag.






Musiekgroep by 'n Sondagdiens

*Suster Joeline Muller behartig die kliniekdienste waar inwoners maandeliks metings van bloeddruk, hartklop en suikervlakke kan laat doen. Sy besoek ook inwoners tuis. Sy en suster Annie de Leeuw is reeds sedert die Medwell dae werksaam by die Versorgingsfasaliteit.*



*Sr's Joeline Muller, Mariana Mans en Annie de Leeuw*



*Dr Ferreira bedryf sedert Medwell se era 'n spreekkamer in die kliniek vir inwoners van die Versorgingsfasaliteit en die Oord op 'n Dinsdag en Vrydag.*

*Voorts is die verouderde noodknoppie stelsel wat sedert die begin van die Oord gebruik was in 2023 deur 'n verbeterde weergawe vervang. Die nooddiens word deur MERS bedryf.*

*Mel en Nicky Carlson en hulle span van agt manne van ZevenScapes behartig die* **versorging van tuine***, sedert 2016, en* **instandhoudingswerk***, sedert 2021. Aubrey Herman (van 16-jarige ouderdom af), Tula Gqibithole en Frans (Eier) Jacobs werk vir Mel Carlson sedert hy sy fabriek in Joostenbergvlakte bedryf het.*

*Die eerste nutsman in die Oord was Dave Loubser. Hy het in Bettiesbaai gewoon en het in dié tyd slegs naweke huistoe gegaan. Hy is opgevolg deur Stoffel du Toit. Na hom was dit Marius Olivier totdat ZevenScapes begin het. Aubrey Herman is tans die nutsman in ZevenScapes se span. Hy word bygestaan deur Greg Adams en Tula Gqibithole wanneer hulle nie met besproeiingstake besig is nie.*



*Nicky en Mel Carlson by die Feesaand*




*Aubrey Herman*



*Die ZevenScapes span*
*Van links na regs: Kenneth (Boesman) Swartz, George Coetzee, Ntsikelelo Solani, Thulani (Tula) Gqibithole, Greg Adams, Frans (Eier) Jacobs, Deon Jacobs*

*Protea Tuine was verantwoordelik vir die aanvanklike uitleg van die openbare ruimtes en aanlê van die grasperke van die Oord. Hydro Landscaping het later ook aanrol grasperke verskaf. Elke huis se tuin het volledige aanrol grasperke sowel as 'n besproeiingstelsel gekry. Al die tuine is vanaf 'n sentrale punt per blok volgens 'n rooster besproei. Tuine het geil gegroei. Dié wyse van besproeiing is gestaak met die erge waterkrisis in Stad Kaapstad met die hoogtepunt gedurende middel 2017 tot middel 2018. Watervlakke van damme het toe tussen 14 en 29 persent van die totale damkapasiteit gewissel. Inwoners moes gevolglik self hul tuine natmaak en is beperk tot die natmaak van hul tuine op slegs drie dae per week tydens sekere tye van die dag.*

*Tuindienste was op ‘n stadium deur Visco Tuindienste van Hein Visser gelewer. George Coetzee en Ntsikelelo Solani in die ZevenZcapes span het vir Hein Visser gewerk. Die ZevenScapes span van vyf manne sny al die gras in die Oord op ‘n gereelde siklus.*



*ZevenScapes het die openbare ruimtes se besproeiing opgeknap, en het grootliks in dié ruimtes bome en plante aangeplant en prentjiemooi blombeddings aangelê.*

*Die* **Dameskroeg** *word tydens middagetes bedryf op ‘n Sondag en in die week tydens middagetes op ‘n Woensdag en Vrydag. Gert Hanekom en sy span vrywilligers is agter die toonbank.*



*Van voor links: Gert Hanekom, Poppie & Johan Lourens, Harry Bell, Ina Swanepoel, Jan & Sharon van den Berg, Stephanie Visser, Linda Bell, Justine von Waltsleben*



*Gert Hanekom en Justine von Waltsleben bedien Jean du Plessis*

*Daar is ook op die eerste Vrydagaand van elke maand ‘n sosiale kroegkuier in die dameskroeg, en af en toe word ‘n braai daarmee saam gehou, waar inwoners mekaar beter kan leer ken.*

*'n Klein komitee van vrywilligers verwelkom nuwelinge in die Oord, verskaf aan hulle die Gedragreëls en verskeie ander relevante inligting, en beantwoord enige navrae wat mag ontstaan.*

# *Inwoner Aktiwiteite*

*Verskeie aktiwiteite is oor die jare deur inwoners begin. Sommige het doodgeloop of van naam verander, maar die meeste is nog springlewendig!*

*Daar was op 'n stadium 'n* ***Ete Kring*** *waar lede maandeliks beurtelings by een van die inwoners se huise rondom 'n ontbyt of middagete saam gekuier het. By die geleenthede was gesellig sosiaal verkeer.*




*Ete Kring*

*'n* ***Straatbraai*** *word in 'n paar strate gehou waar ou en nuwe inwoners mekaar beter kan leer ken. In Matroosbergstraat was die laaste straatbraai in 2020 in die braaikamer gehou. Sedert die Covid-19 pandemie het dit nog nie herleef nie. In Waterbergstraat is ook voor Covid-19 gebraai en vind sedertdien weer plaas. Vanaf 2024 is daar 'n straatbraai in Simonsbergstraat.*



*Straatbraai Simonsbergstraat*



*Straatbraai Waterbergstraat*



*90-plussers*



*Klaradyn se bus*

***Klaradyn Aktief*** *is waarskynlik die bekendste en bedrywigste van almal. Dit het aanvanklik as* **In Aksie** *bekend gestaan. Die aktiwiteite vind plaas onder die bekwame leiding van Hettie Swanepoel. Verskeie fondsinsamelings, te veel om te noem, is deur die jare geloods waarmee byvoorbeeld Klaradyn se bus grootliks befonds is en voetpaadjies in die Oord aangelê is. 'n Jaarlikse kermis sowel as ander kosverkope vind gereeld plaas. 'n Hoogtepunt van hulle sosiale aktiwiteite is die jaarlikse geleentheid waar inwoners ouer as 90 trakteer word. Nog sosiale hoogtepunte is die jaarlikse Linette Teepe Eiendomme pretloop, die Lance Dickson Eiendomme Potjiekos piekniek en die jaareind dans. Kwartaalliks verskyn die nuusbriewe* **Aktief Klets,** *saamgestel deur Hettie Swanepoel, en* **Village Voices**, *saamgestel deur Kathleen Leal.*




*Kermis*



*Biblioteek*

*In die* ***biblioteek*** *is 'n groot verskeidenheid Afrikaanse en Engelse boeke en tydskrifte, en CD's en legkaarte, wat inwoners kan uitneem en weer terugbring. Die versorging van die biblioteek word deur Jeane Ellis gedoen.*

*'n Afrikaanse* ***Boekklub*** *onder leiding van Sankie Ferreira het 'n paar groepe wat boeke lees en bespreek. Hulle reël ook kuiers in die Oord deur skrywers. Irma Joubert het in Januarie 2024 die Boekklub toegespreek. In Januarie 2025 het Kristel Loots en Alta Cloete die Boekklub besoek.*

*Die* ***Klaradyn Omgeegroep*** *onder leiding van Tersia Gouws is 'n groep vrywilligers, hoofsaaklik dames. Hulle onthou verjaarsdae, ens. van inwoners in hulle omtrek. Hulle hou ook 'n verskeidenheid gebruikte mediese hulpmiddels aan wat inwoners vir periodieke gebruik kan leen.*


*Weekliks word op 'n Woensdagoggend 'n* ***interkerklike byeenkoms*** *in 'n sysaal gehou. Johan van Zyl organiseer dit. Bedienaars van verskeie plaaslike denominasies neem dit waar.*

*'n* ***Joernaalklub*** *onder leiding van Alta Hahn en Hendra van Zyl het sy eerste tree in April 2025 gegee as nog 'n aktiwiteit waarby inwoners betrokke kan wees.*

*'n Verskeidenheid ander* ***ontspannings-aktiwiteite*** *vind weekliks plaas. Die Gym en lyndans groepe doen hulle passies in die eetsaal. Verder word matrolbal gespeel in die sysale. Hulle speel ook ligawedstryde teen spanne van ander aftreeoorde en ouetehuise.*






*Daar is ook aktiewe groepe wat Rummikub, Bingo en Canasta speel.*



*Rummikub*



*Bingo*

*'n Verskeidenheid praatjies oor gesondheid, finansiële beplanning, boedels en eiendomme word by geleentheid in 'n sysaal gehou. Verkope van allerlei produkte soos neute en droë vrugte, wildsvleis, wol en klere vind gereeld plaas. Hierdie geleenthede word gewoonlik in die oggende gehou.*

*Pragtige* **blomrangskikkings** *word in die voorportaal met afwisselende temas gedoen deur Nelia van Niekerk. Voor haar was dit vir etlike jare deur Bana Loedolff gedoen totdat sy in 2024 verhuis het.*





*Vadersdag 2020*

*Elke week op 'n Dinsdagmiddag kom Riaan Engelbrecht met sy bakkie en sleepwa waar inwoners vars vrugte en groente kan koop by* ***Riaan se vrugtewa.***



*Riaan se vrugtewa*

*In 2005 het 'n inwoner, Johan Meyer, Klaradyn Toere onafhanklik begin met sy eie minibus. Hy het vergunning by Coen Roux gekry om die naam en embleem te gebruik. Hulle het daguitstappies en meerdagtoere in Suid-Afrika en ons buurlande onderneem en het op 'n stadium twee minibusse bedryf. Hy het die besigheid in 2017 verkoop. Die nuwe eienaars gebruik nie meer die embleem nie. Maandeliks verskyn daar steeds op die kennisgewingbord besonderhede van die toere wat in 'n maand aangebied word.*






*Klaradyn Toere*

*Die volledige, en jongste, inligting oor al die dienste en aktiwiteite in Klaradyn Aftreeoord is in die Inligtingsbrosjure op die webblad beskikbaar.*

*www.klaradynretirementvillage.co.za*

## *Mondigwording 2025*

*Aan die einde van Maart 2025 was daar 643 inwoners in die 449 wooneenhede. Die eerste inwoners was baie na aan mekaar en het saam hulle nuwe blyplekke, die nuwe dienste en aktiwiteite ontgin. Daar is egter min dinge, indien enige, wat in die pad staan van 2025 se inwoners om saam te kuier, inisiatief te neem met aktiwiteite en die samesyn in Klaradyn Aftreeoord te koester.*

*Op 28 Maart 2025 is 'n Feesaand in die Cecil Morgan Sentrum gehou om die mondigwordingsjaar van Klaradyn te vier. Die geleentheid is groothartig deur 'n uitgebreide lys van borge gefinansier. Die eetsaal was pragtig versier deur die administratiewe personeel en die Great Gatsby tema is deur talle inwoners treffend uitgebeeld. Daar was heerlik gekuier! Almal het hulle verlustig aan smaaklike versnaperings en 'n verskeidenheid drinkgoed. 'n Tweetal musikante het deurgaans rustige musiek gespeel. Talle geborgde pryse is met 'n prystrekking uitgeloof.*

| | |
|---|---|
| Titanium Securitas | Infinity / Carl Greaves |
| Utility Consult | Klaradyn Aktief |
| Bornman Hayward Properties | Cilmor Trust |
| Pam Golding Properties | Medcrowd |
| Coca Cola | Dickson Properties |
| RC Smith Attorneys | Linette Teepe Properties |
| BMH Law | Carmien Rooibos Tea |
| Montagu Winery | Laerskool Bastion |
| Waterford Estate | Malan Melkery |
| The Flexi Foods Group | The Fride Foods Group |
| Kekkel & Kraai | May's Market |
| Fine & Country | |

*Borge van die Feesaand*



*Musikante*



*Christo & Loanda du Toit, Mattie Luyt, Carina de Wet, Wim Roux, Oosie Oosthuizen*



*René Rix*









*Gatsby styl*





*Prystrekking*



*Die beginsels en waardes wat die inwoners van Klaradyn Aftreeoord nastreef word in die inleiding van die Gedragskode beskryf as Veiligheid, Sorgplig en Wedersydse Respek. Met hierdie raamwerk kan die harmonieuse gemeenskapslewe in die Oord nog jare wat kom beleef word.*

## *Bronne van inligting*


1 *Afrikaanse Woordelys en Spelreels, uitgawe 11, Pharos.*

2 *Anna Smit*

3 ***Brackenfell… Van Toeka tot Nou**, Dalena Vollgraaff. Jarelange bibliotekaris in Brackenfell*

4 *Christo en Loanda du Toit*

5 *Chrizel Coetzee*

6 *Francois Booyse*

7 *Gert Hanekom*

8 *Hettie Swanepoel*

9 *https://cilmorwines.com/about*

10 *https://clicknplant.co.za/product/watsonia-meriana-bulbs-assorted-colours-5-pack/*

11 *https://en.wikipedia.org/wiki/Cape_Town_water_crisis*

12 *https://en.wikipedia.org/wiki/City_of_Cape_Town*

13 *https://en.wikipedia.org/wiki/Erica_verticillata#/media/File:Erica_verticillata_deep_pink.JPG*

14 *https://en.wikipedia.org/wiki/List_of_mountains_in_South_Africa*

15 *https://klaradynretirementvillage.co.za*

16 *https://www.biodiversityexplorer.info/plants/iridaceae/nivenia_stokoei.htm*

17 *https://www.fisa.net.za/wp-content/uploads/2019/10/A-Very-Brief-History-of-Nedgroup-Trust-Limited.pdf*

18 *https://www.gardeningknowhow.com/ornamental/flowers/clivia/clivia-color-change.htm*

19 *https://www.google.com/maps*

20 *https://www.thepondoutlet.com/arrow-arum-white-zantedeschia-aethiopica*

21 *Johan Meyer*

22 *Johan van Zyl. Argitek*

23 *Kantoor: Riana Fick en Nathasha Gouws*

24 *Mel en Nicky Carlson*

25 *Oosie Oosthuizen*

26 *The South African measurement system and its origin. (https://ngi.dalrrd.gov.za/index.php/resorces)*

27 *Tineke Lambrechts*

28 *Versorgingsfasaliteit: Sr's Mariana Mans, Joeline Muller en Annie de Leeuw*

29 *Wilma Hattingh*

30 *Wim Roux*

# *Naskrif*

*Hierdie Feesbundel ter herdenking van Klaradyn Aftree-Oord se mondigwording is nie 'n wetenskaplike geskiedenis beskrywing nie. Dit poog bloot om inligting weer te gee oor wie die rolspelers was rondom die tot standkoming van Klaradyn Aftreeoord, watter dienste in die Oord vanaf 'n bestuursoogpunt geskep is asook die aktiwiteite wat vanuit inwoners se inisiatiewe ontstaan het.*

*Na 21 jaar is ons bevoorreg om nog inligting te kon delf by mense wat aan die begin en/of sedertdien betrokke was by die Oord.*

*Dit was 'n besonderse belewenis om die Klaradyn 21 Feesbundel saam te stel. Baie dankie aan almal by wie ek kon aanklop. Baie dankie ook vir almal se advies met redigering en hulp met proeflees.*


*'n Besondere woord van dank aan Wim Roux. Haar entoesiasme om inligting te delf uit die Cilmor Trust se rekords was aansteeklik!*

*Ek het aan die begin van Maart 2025 inligting begin versamel en is oortuig daar is definitief nog baie inligting, foto's en staaltjies wat nie hierin vervat is nie. Hopelik sal die lees hiervan mense prikkel om hulle ervarings op skrif te stel en inligting met die kantoor te deel.*

*Joos Maree*
*Mei 2025*


CLIVIA HOF
WATSONIA HOF
CECIL MORGAN
SENTRUM
NIVENIA HOF
ERICA HOF
ARUM HOF






*Klaradyn Straatplan*



Klaradyn Retirement Village ' Aftreeoord

*www. klaradynretirementvillage.co.za*